UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Agtergrond

Die Universiteit van Pretoria moedig al lank die uitbreiding en ontwikkeling van die studie en praktyk van die beeldende kunste aan. Die Departement Beeldende Kunste is divers en het ‘n evolusieproses ondergaan. Die Departement se huidige naam is eers in 2000 aangeneem en het oor die jare verskeie naamsveranderings ondergaan. Hierdie name het dikwels ‘n verandering in fokus in die Departement weerspieël.

Alles het begin toe die Departement Afrikaanse Kuns en Kultuur in 1930 gevorm is en onder die leiding van prof Martin du Toit gekom het. Die Departement het later as die Departement Beeldende Kunste bekend gestaan en daarna die Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis, voordat dit sy huidige naam aangeneem het.

Kunsgeskiedenis is vir die eerste keer in 1954 aangebied en prof HM van der Westhuysen was Hoof van die Departement. Praktiese Beeldende Kunste kon nie op hierdie stadium geneem word nie aangesien daar ‘n tekort aan gepaste lektors was. Dit is egter in 1955 reggestel aangesien prof Van der Westhuysen ontevrede was met die tekort aan kunsopleiding wat vir ernstige kunsstudente beskikbaar was. Vanaf 1955 is Kunspraktyk aan die Pretoria Tegniese Kolgge aangebied en 20 eerstejaarstudente het vir opleiding ingeskryf.

Dit was eers in 1960 toe die vennootskap tussen Visuele Teorie en Visuele Praktyk gevestig is, dat die Departement Kunsgeskiedenis met die Departement Beeldende Kunste saamgesmelt het. In 1972 het die Departement Beeldende Kuns vanaf die gronde van die Pretoria Tegniese Kollege na die Universiteit van Pretoria se gronde geskuif, na die Ou Merensky Biblioteek se gebou. Dieselfde jaar is Inligtingsontwerp by die Departement as ‘n afdeling van die Beeldende Kunste-kursus ingestel. Prof NO Roos het in 1978 Hoof van die Departement geword.

In die 1980’s is die vak Visuele Kommunikasie by die kurrikulum ingesluit, wat die Beeldende Kunste- en Inligtingsontwerp-studente ‘n grondslag gebied het vir die teoretiese kwessies wat onderliggend aan die studie van beeldende kunste is. Visuele Kommunikasie het in 1966 volle akkreditasie as BA-vak gekry en enige student kon dit neem wat hul kennis van visuele kultuur wou uitbrei.

In 1987 het die Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis geskuif na wat toe die Menslike Bewegingswetenskappe-gebou was, en so het ‘n gimnasium verander in ‘n basis vir kreatiewe leer en toepassing. Rondom dieselfde tyd het hierdie Departement die Universiteit van Pretoria se korporatiewe identiteit ontwikkel. Hierdeur het die Departement regdeur Suid-Afrika naam as gerekende ontwerpskool gemaak.

Aan die begin van 2000 het prof M Sauthoff vir prof Roos opgevolg en het die Departement se naam na die huidige een verander. In 2000 het Inligtingsontwerp ook op sy eie bene begin staan en het dit nie meer onder Beeldende Kunste geval nie.

Aan die einde van 2006 het prof Sauthoff die Departement verlaat en prof Jeanne van Eeden is as Hoof van die dinamiese Departement aangestel.

Die Departement het in sy bestaan aan vele opwindende projekte gewerk as gevolg van ‘n passie om die wêreld deur middel van visuele media te verander. Nie net het van die beste praktisyns hier begin nie, maar ook van die slimste teoriste in die land. Die Departement is vandag nog aan die voorpunt van teoretiese en visuele praktyk en spog nie net met goeie werk nie, maar ook met ‘n erfenis van inspirerende denke.